Bil 11/86

263/85
/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

JOSEPH SHONGWE ........................ APPELLANT

en

DIE STAAT ............................. RESPONDENT

CORAM : VILJOEN, BOTHA et SMALBERGER, ARR

VERHOORDATUM : 28 FEBRUARIE 1986

LEWERINGSDATUM : 7 MAART 1986

---

U I T S P R A A K

---

VILJOEN, AR

Met/.....

Met verlof van die Verhoorhof kom die appellant in hoër beroep teen die doodvonnis wat oor hom uitgespreek is. Hy het op Witrivier, Transvaal, voor die Rondgaande Hof tereg gestaan op 'n aanklag van moord op Flora Maimane (hierna die oorledene genoem) en is verhoor deur Curlewis R en twee assessore wat die appellant skuldig bevind het. Die Hof kon nie versagtende omstandighede vind nie en die doodvonnis het gevolg.

Die appellant is op die aand van 24 Maart 1983 na die oorledene en haar man, Izak Mpusani, se hut. Izak Mpusani het getuig dat die appellant vergesel was van twee ander persone wat hy nie geken het nie. Die drie het, nadat hulle vir Izak aangerand

het/.....

het, die oorledene met geweld daar weggeneem. Izak Mpusani was egter onder die invloed van drank en sy getuienis van wat daar gebeur het by sy huis, is uiters vaag en onbevredigend. Anna Mazibuko, die vrou met wie die appellant destyds saamgeleef het, het getuig dat die appellant met die oorledene by hulle hut aangekom het en dat hy vir haar 'n romp gevra het vir die oorledene om aan te trek aangesien die oorledene nakend was. Die oorledene wat bebloed was het aan haar gesê dat die appellant haar aangerand het. Die appellant het dit erken. Hy was woedend en het beweer dat die oorledene se man hom met 'n handbyl op sy arm geslaan het.

Hy het gesê hy gaan die oorledene doodmaak. Hy het 'n stuk draad in sy hand gehad. Hy het die oorledene daar weggeneem en Anna het gehoor dat sy huil. Anna het 'n vriendin Mamsy gestuur om vir 'n buurman Sithole te gaan roep om die oorledene te gaan help, maar nòg Sithole nòg 'n ander buurman, Luka, wat ook daar teenwoordig was, was bereid om vir die oorledene te gaan help. Die appellant het die volgende oggend vroeg, voordat Anna werk toe is, daar aangekom. Sy hemp was vol bloed. Hy is reguit na die kamer toe waar hy gaan slaap het. 'n Dag of wat later is die oorledene se liggaam gevind waar sy in die veld met draad om haar nek aan 'n boom opgehang was.

Dit is gemene saak dat die oorledene 'n toordokter of 'n leerling-toordokter was. Volgens die appellant was daar moeilikheid tussen hom en twee broers, Rufus en Rafael Lubisi, oor 'n horlosie wat die appellant van Rafael sou gesteel het. Die appellant sê die broers het hom daarvan beskuldig dat hy die horlosie gesteel het en dat hy by 'n toordokter gaan aanklop het om hom te dokter sodat hy gevrywaar sou wees teen enige beskuldiging wat die Lubisi broers teen hom sou inbring. Hulle het beweer dat die toordokter vir hom kruie gegee het om te gebruik.

Die appellant se verweer was dat hy die twee Lubisi broers op hulle versoek vergesel het

na die/.....

na die huis van die oorledene en dat dit hulle was wat vir die oorledene met geweld van haar hut weggeneem het. Hulle het sy en haar hande met 'n draad aanmekaargebind en vir hulle albei aan-gerand. By sy huis waar hy die romp van Anna Mazibuko ontvang het, het hulle die draad losgemaak. Anna was dus nie bewus daarvan dat hulle voorheen aan mekaar vas was nie. Anna het ook nie die twee Lubisi broers gesien nie want hulle het agter die lapa-muur weggekruip, sê hy. Vandaar na die plek waar die oorledene opgehang is, is hulle weer aan mekaar vasgemaak met die draad en is hulle aange-rand. Hy is op sy mond beseer en die bloed het op sy hemp gekom. Vandaar die bloed op sy hemp

wat/.....

wat Anna vroeg die volgende oggend gesien het.

By die plek van teregstelling aangekom, het hy getuig, het die Lubisi broers vir hom en die oorledene losgemaak maar sy twee hande by die polse aan mekaar vasgemaak. 'n Lus is gemaak deur een van die Lubisi's en hy, die appellant, is gèdwing om die lus om die oorledene se nek te plaas. Die Lubisi's het haar toe daar opgehang. Hy het 'n verwarrende relaas verstrek van sy bewegings daarna en die Verhoorhof het tereg bevind dat hy 'n leuenaar was.

Die Hof het vir Rafael Lubisi as getuie geroep. Hy het ontken dat hy en sy broer saam met die appellant by die oorledene se huis was. Hy

het/.....

het getuig dat die appellant op 'n dag toe hy, Rafael, dronk was,sy horlosie van sy arm verwyder het en ook 'n radio wou steel. Die appellant het die radio laat val toe Rafael se vrou hom op heterdaad betrap het. Die radio is beskadig. Met die horlosie het die appellant egter weggekom. Hulle het later voor die indoena op die plaas 'n skikking bereik, waaraan die appellant nie heeltemal voldoen het nie.

Die Hof het bevind dat Rafael 'n goeie getuie was en dat, soos reeds genoem, die appellant 'n leuenaar was. Die Hof het vir Rafael geglo en die getuienis van die appellant verwerp dat hy en die Lubisi broers saam was daardie aand. Dit is wel moontlik, meen die Hof, dat die appellant met

twee/.....

twee vriende by die huis van die oorledene was, maar bevind dat die appellant alleen die afgryslike daad gepleeg het om die oorledene op te hang.

Wat versagtende omstandighede betref, het die Hof 'n kort uitspraak gelewer,soos volg:

> "The accused was under the influence of liquor when she saw him and there was a question raised during the course of the evidence about his smoking dagga. We have considered all these matters. We have considered what the State has said, and correctly so, that this was not a case where the liquor or the dagga or youth led to something being done on the spur of the moment, not that this of course excludes the possibility of extenuating circumstances, but the Prosecutor is correct in that sense.
>
> We have come to the conclusion that taking all these factors together there

are no extenuating circumstances."

Die bevinding dat die appellant onder die invloed van drank was, berus op die getuienis van Anna Mazibuko wat getuig het dat volgens haar waarnemings, toe die appellant met die oorledene daar by haar aangekom het, hy gedrink was, maar nie dronk was nie. Die appellant het self, toe hy gevra is of hy dagga rook, gesê dat hy dit wel op 'n stadium gerook het, maar geruime tyd voor daardie aand reeds opgehou het. Hy het egter later getuig dat hy wel dagga gereeld elke oggend voor hy gaan werk rook en dat hy ook die oggend van die dag waarop die oorledene dood is,

dagga/.....

dagga gerook het. Dit het hom egter nie aangetas nie, sê hy. Dit blyk verder dat die appellant twintig jaar oud was toe hy die daad begaan het.

Voor hierdie Hof is aangevoer dat die appellant weens sy jeugdige ouderdom, drankinname en woedebui beheer oor homself verloor het en dat dit dus onvanpas is om hom die uiterste vonnis op te lê. Hierdie Hof is ook daarop gewys dat die appellant geheel en al irrasioneel en teen alle redelike verwagtings in opgetree het deur 'n romp vir die oorledene te kry wat sy moes aantrek terwyl hy van plan sou wees om haar te gaan doodmaak. Daar was ook geen motief soos roof en ook geen getuienis dat beskuldigde vanweë 'n moorddadige of

bose persoonlikheid tot die gruweldaad aangespoor is nie.

Hoewel dit in 'n groot mate bespiegeling is, wil dit voorkom of die appellant tog 'n motief gehad het om die oorledene om die lewe te bring. Sy het vir hom medisyne gegee om hom te vrywaar teen die gevolge van sy diefstal-oortreding en dit het nie gehelp nie. Dat hy baie kwaad was kan aanvaar word, maar hy het nie impulsief gehandel nie. Hy het berekend te werk gegaan deur die oorledene van haar hut met geweld te ontvoer en haar 'n hele afstand daarvandaan in die veld te gaan ophang. In die proses wat seker 'n tydperk van etlike ure beslaan het, kon hy homself bedink het en haar

lewe/.....

lewe gespaar het. Hy het net eenvoudig toegegee aan sy woede. Sy opset het hy eenvoudig deurgevoer tot die einde. Dat hy vir haar 'n romp gevra het by Anna skyn wel 'n irrasionele daad te wees omdat dit nie heeltemal te rym is met 'n opset om haar te dood nie, maar selfs as hy op daardie stadium nie seker was dat hy haar wel om die lewe gaan bring nie, het die opset om dit te doen uiteindelik die oorhand gekry. Hierdie geringe onbeslistheid of weifeling verminder nie sy verwytbaarheid nie. Daar is aangevoer dat dit moontlik is dat sy woede toe te skryf is aan die provokasie wat daarin bestaan het, soos Anna getuig het, dat die oorledene se man, volgens die appellant, hom op die arm geslaan

het/.....

het met 'n kapbyl. Anna Mazibuko het nie ag geslaan of daar 'n wond aan sy arm was nie, maar al was daar, is dit geen provokasie wat my sou beweeg om sy handeling om die oorledene te dood, enigsins met minder verwytbaarheid te bejeen nie. Dit kan allermins die rede wees waarom hy haar van haar hut weggevoer het om te gaan doodmaak. Nog voordat hy die kapwond of kaphou opgedoen het (as hy dit wel opgedoen het) het hy met die bol draad in sy hand daar by die oorledene se huis opgedaag. Hy het toe reeds die opset gehad om haar met die draad op te hang.

Ek is nie oortuig dat die Verhoorhof enige aspek, òf alleenstaande òf kumulatief saam met

andere/.....

andere, wat hy in ag moes neem, oor die hoof gesien het nie. Die Hof het 'n diskresie gehad wat dit, na my oordeel, behoorlik uitgeoefen het.

Die appèl word van die hand gewys.

APPèLREGTER

BOTHA AR )
— Stem saam
SMALBERGER AR )